## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com

**ACIM 14 Julie 2014 (19h30) — Stad**
**ACIM 24 Julie 2014 (19h00) — Kolping**

**ETE ELKE EERSTE SONDAG VAN DIE MAAND**

BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

________________________________________

E-Mail________________________________ Sel____________________

ADRES

*Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg* — tweede straat regs is:

**Biccard Straat (Kolping Centre aan jou regterkant) Durbanville**

| | |
|---|---|
| **Bankrekening vir bydraes**<br>**ABSA: Neo-Spektrum**<br>Takkode: **632005**<br>Rekening: **4083481065** | BAIE DANKIE<br>Ons vra 'n maandelikse bydrae hetsy per koevert of per EFT<br>Groot ASSEBLIEF en DANKIE |



# Neo-Spektrum

## 13 Julie 2014

## LIVING LIFE BEAUTIFULLY

## THE ART OF ENCHANTMENT

## STILTE IN DIE KAPEL

~ POLISH POEM — CHRYSTA BELL ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

*As jy 'n saak teen Hom* sou wou voer,
sou jy Hom nie eers op een vraag
uit duisend kon antwoord nie.
Die wysheid en krag van God is groot:
*wie kan Hom teëstaan* en nie self seerkry nie?
Hy verskuif berge sonder dat hulle dit self agterkom;
met Sy asem maak Hy hulle tot niet.
Hy laat die aarde ruk, weg van sy fondamente af,
en sy pilare bewe.
Hy gee opdrag aan die son en dit kom nie op nie,
*Hy verseël die sterre* en hulle skyn nie.
*Hy het die hemel soos 'n tent* gespan, Hy alleen,
en Hy hou die golwe van die see in bedwang.
Hy het die Beer en Orion gemaak,
die Sewester en die sterrebeelde in die suide.
Wat Hy doen, is groot en ondeurgrondelik,
wonder op wonder.
(Job 9:3-10)

**- STILTETYD -**

## — Lees: Psalm 71:5-8 —

Want U, Here, U is my hoop, op U, Here, het ek van jongs af vertrou.
U is my hulp van my geboorte af, reeds voor ek in die wêreld gekom het,
het U my beskerm. U loof ek gedurigdeur.
Ek is vir baie 'n wonder, want U is my veilige toevlug.
Ek besing u lof en u roem gedurigdeur.

---

**The ABC of Enchantment!** — **A**bundance, **B**lessing, **C**ourage: *"The Art of Enchantment'* is 'n herinnering wat die **ABC** regtig is: Abundance is NOT what you have but WHO you are … surround yourself with inspiring people with integrity, emotional and spiritual intelligence, an appreciation of beauty, an awe for God! They will remind you of WHO you are and that will be your **B**lessing and the blessing will fill you with **C**ourage that will be the greatest enchantment you have ever experience!

**Say "YES!"** — sê "JA!" vir elke geleentheid om te groei en om die wonder van God se Lig, Liefde, en Lewe te ervaar. Skrap woorde soos, *"Kan nie ..."* en *"Weet nie ..."* uit jou woordeskat en sê *"JA!"* vir die betowering van die Siel wat aan jou arendsvlerke gee om te vlieg!

**Be Passionate!** — Dis een ding om te sê, *"ek is passievol oor God"* maar 'God' vind betekenis in al die skakerings van LEWE! Ons kan tog nie een dimensioneel deur die lewe gaan nie ... *"The Art of Enchantment"* ontsluit AL die kleure van die reënboog en selfs die kleure wat die oog nie eers kan sien nie. Die hartstog wat deur my are bruis is nét so passievol om te sien hoe mense uit die as van hul omstandighede opstaan en weer hul vlerke sprei om te vlieg – *stronger and more beautiful!*

**Make a Difference!** — een ding wat al hierdie wonderlike animasiefilms ingemeen het, is die feit dat die karakters in die film mekaar en ons, die kyker, inspireer om 'n verskil te maak aan ons milieu. *Make people better than they are* — dis een ding vir ander om die *enchantment* in jou te sien, die bekoring is dat hulle dit ook in hulself wil sien en ervaar. Stop die verskoning, *"jy kan nie iemand verander nie"* Dit gaan nie oor iemand verander nie, dit gaan oor om 'n verskil te maak in iemand se lewe wat daardie persoon inspireer om 'n beter weergawe van hom/haarself te wees.

---

... elke gebed begin met, ***"I choose to think about what is good and true and beautiful ..."***

*May His majesty be your reverence,*
*May His nearness be your confidence,*
*May His glory be your radiance!*

... vandag se gebed sluit af met — ***"Come what may, surprise me – I am ready. Enchantment, I adore You!"***



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ Fanfare from Sonatini — Zanta Hofmeyr ~

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

— My Kind —
Ek is altyd by jou,
jy sal in aller ewigheid nooit sterf nie
en jou siel sal nooit uitgevee word nie.
Ek gee vir jou die melodie
om harmonie te vind.
Ek gee vir jou vrede,
gee vir My jou bang,
gee vir My jou verlang.
— My Kind —
jy het gekom na die Een wat jou dra
na die Een wat jou laat vlieg
met die Asem wat in en deur jou asem ...
Ek maak jou die toesighouer van my liefde,
Ek gee vir jou die sleutels van die waarheid
om deur die wêreld te reis soos een wat vervul is,
my kind — jy het gesoek en gevind!

~ Uit 'n Dagboek: 15 Julie 2012 ~

---

# IN LOVE, ALL IS POSSIBLE

~ Enchantment — Yanni ~